**Bylae 1. Samestelling van die onderhoudskedule met betrekking tot die selfkonsep**

| Vraagnr. | Dimensie van die selfkonsep | Onderhoudskedule |
|---|---|---|
| 1 | Kognitiewe dimensie: persoonlike betekenis | Hoe definieer jy hakkel in terme van jou **persoonlike belewenis** daarvan? Watter persoonlike betekenis heg jy dus aan hakkel op grond van vorige ervaringe of herinneringe? |
| 2 | Kognitiewe dimensie: selfagting | Hoe **evalueer jy jouself** in terme van jou persoonlikheidseienskappe (talente, intellektuele vermoëns, doelwitte, ideale, waardes)? |
| 3 | Affektiewe dimensie | Dra jou belewenis van hakkel moontlik by tot die ervaring van enige **gevoelens, emosies of gemoedstemmings**? Indien wel, spesifiseer en beskryf die toestande in terme van die intensiteit daarvan. |
| 4 | Fisieke dimensie | Beïnvloed hakkel die wyse waarop jy oor die volgende dink? Indien wel, verduidelik asseblief. Verwys na jou **liggaam, fisieke gesondheid** en **voorkoms**. |
| 5 | Sosiale dimensie: optrede | Jou **sosiale interaksies, insluitend verhoudings en rolle**. |
| 6 | Sosiale dimensie: reaksies van luisteraars | Hoe **reageer mense** in die algemeen wanneer jy in hulle teenwoordigheid hakkel? |
| 7 | | Watter **betekenis** heg jy aan hulle reaksies? |
| 8 | Affektiewe dimensie | Hoe laat dit jou **voel**? |
| 9 | Sosiale dimensie: persepsies en stereotipes | Watter moontlike **negatiewe persepsies** van mense wat hakkel word volgens jou deur die samelewing gehuldig? |